

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

AANKONDIGINGS:

KLOK:

Kom ons raak intensioneel bewus van die teenwoordigheid van God.

TOETREDE:

Tydens Advent berei Christene van reg oor die wêreld hulle voor vir Kersfees. 'n Geboortefees ~ Kersfees kom, Kersfees kom – gee aan God die eer ~ Gesang 358: 1-3.

VOTUM:

Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het! As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het, wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien? Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde! ~ vgl. Psalm 8

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

SEËN:

Wat ons van Jesus geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet ons doen. En God wat vrede gee, sal by ons wees. – Filippense 4: 9.

KERSFEES KOM!:

Loof die hemelse kind! Juig, die Redder is daar! Heer, gebore vir ons! ~ Gesang 348: 1-3.

INLEIDING:

Dr Lukas was 'n mediese dokter wat saam met Paulus gereis het. Hy het die evangelie van Lukas en die boek Handelingte geskryf. Die evangelie vertel die volledige verhaal van Jesus Christus en in Handelingte lees ons die volledige verhaal van die begin van die Christelike kerk. Dit was sy doel om 'n volledige verhaal oor die Verlosser Jesus Christus te skryf, daarom is Lukas die langste van die vier evangelies en seker ook die langste Nuwe Testamentiese boek. Die evangelie begin met Kersfees, die geboorte van Jesus. Daar is baie lofsange, want dit is die vertoonvenster van God se liefde.

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

LUKAS 2: 1-20, 1983:

In daardie tyd het keiser Augustus 'n bevel uitgevaardig dat 'n volkstelling in die hele ryk gehou moet word. Hierdie eerste volkstelling het plaasgevind toe Sirenius goewerneur was in die provinsie Sirië. Almal het gegaan om hulle te laat inskryf, elkeen na sy eie stad toe.

Ook Josef het gegaan. Hy het van die dorp Nasaret in Galilea na Judea toe gegaan, na Betlehem, die stad van Dawid, omdat hy tot die huis en geslag van Dawid behoort het. Maria, sy verloofde, wat swanger was, het saamgegaan om ingeskryf te word. Terwyl hulle daar was, het die tyd gekom dat haar kind gebore moes word. Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie. $\kappa\kappa\kappa$

Daar was skaapwagters in daardie omgewing wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het. Meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlijkheid van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle het baie groot geskrik. Toe sê die engel vir hulle:

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

“Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here! En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê.”

Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê: “Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!” בּוּב

Nadat die engele van hulle af weggegaan het na die hemel toe, sê die skaapwagters vir mekaar: “Kom ons gaan reguit Betlehem toe om te sien wat gebeur het, soos die Here dit aan ons bekend gemaak het.”

Hulle gaan toe haastig daarheen en kry vir Maria en Josef, en die Kindjie wat in die krip lê. Toe hulle Hom sien, het hulle vertel wat oor hierdie Kindjie aan hulle gesê is. Almal wat dit gehoor het, was verwonderd oor wat die skaapwagters hulle vertel het. Maria het alles wat gesê is, onthou en telkens weer by haarself daarvoor nagedink. Die skaapwagters het toe teruggegaan terwyl hulle God

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

loof en prys oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Dit was alles net soos dit vir hulle gesê is.

GEBED:

Wees genadig, o Heer, spreek my vry. Neem my aan, o Heer, maak my vry. Leer my bid, o Heer, meer en meer. Leer my leef, o Heer, tot u eer ~ VONKK 180: 1-4.

PREEK:

Wat 'n aangrypende verhaal. Jaar na jaar hoor ons hierdie verhaal, vier ons die geboorte geskiedenis van Jesus Christus. Dit is vir ons 'n baie spesiale tyd van die jaar. Die kerklike jaar begin nie op 1 Januarie nie, maar op 1 Desember wanneer ons begin voorberei vir Kersfees. Voorbereiding is belangrik, want sonder goeie en deeglike voorbereiding sal ons die ware betekenis en inhoud van Kersfees ignoreer.

Dr Lukas skryf dat keiser Augustus 'n bevel uitgevaardig het. Keiser Augustus het van 31 v.C. tot 14 n.C. geregeer, 'n tyd waarna verwys word as 'n goue tydperk vir Rome.

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

Hy het heel moontlik beveel dat daar 'n sensus moet wees ter wille van die invordering van belasting, om te bepaal wie militêre diens moet doen en om meer oor sy ryk en dit wat bereik is, te wete te kom.

Die sensus was nie eenvoudig nie – mense moes in die stad van hulle geboorte gaan registreer. Dit het beteken dat Josef en Maria ongeveer 112 km van Nasaret na Betlehem moes reis. Ondanks wat oorlewering ons wil laat glo, is daar geen sprake in die Bybel van 'n donkie nie en het hulle heel moontlik die reis te voet afgelê. Onthou Maria is swanger!

Deur hulle die oproep tot 'n vervelige sensus met al sy rompslomp te laat gehoorsaam, het God verseker dat die profesie van Miga 5:1 vervul word: "Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort ... "

Caesar Divi Filius Augustus (gebore Gaius Octavius) is sonder twyfel een van die mees beroemde Romeine van

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

alle tye. Hy was die aangenome seun van Julius Caesar, en het ná die moord op laasgenoemde as militêre en politieke leier op die toneel verskyn. Hy was tot op so punt magtig, dat hy en ander hom as god beskou het.

Ons leer weereens; God is in beheer van die geskiedenis. Die mens kan wik en weeg, maar God beskik. God gebruik die mens en die mens se geskiedenis binne in sy heilsplan ~ God se plan is verhewe bo alle mense planne! Dit troos my vandag ook. Die wêreld is in so 'n groot gemors en mense dink hulle is onkeerbaar sterk ~ mense dink, doen en praat asof hulle gode is. Maar ek hoor hierdie Kersfees weer: God bly in beheer! God gebruik die geskiedenis van mense in sy heilsplan.

Maria was jonk (12-13 jaar oud), arm en vroulik. Hierdie eienskappe het haar ongeskik gemaak in die oë van haar mense. Maar God het Maria se vertrouwe en gehoorsaamheid gesien. Hy het geweet sy sal God gewillig dien in een van die belangrikste oproepe wat ooit aan 'n mens gegee word.

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

God kyk na ons gehoorsaamheid en vertrou - gewoonlik nie die kwalifikasies wat die mens belangrik ag nie. God sal dikwels die mees onwaarskynlike kandidate gebruik om hom te dien. Dit troos my, en vir jou? Ons is goed genoeg vir God se heilsplan. Mense kan ons afskiet en afkraak, maar ons is altyd in God se oë bruikbaar as ons bereid is om aan hom gehoorsaam te wees en as Hy ons kan vertrou.

Ek dink hier aan die bloed jong meisie se woorde toe sy hoor sy is swanger met Jesus: Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat U gesê het. Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat U gesê het.

Weer kyk ek na myself in die spieël. Ek kyk na 2024 wat voor my uitgestrek lê. Soms is ek so bekommerd oor alles wat kan skeefloop, dan hoor ek vanmôre weer Maria se woorde: Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat U gesê het. Dan wil ek, Hannes, opstaan en

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

2024 vierkantig in die oë kyk ... ek wil eerlik en opreg ook uitroep: Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat U gesê het.

Josef en Maria was twee gewone jong Jode. Hulle was verloof en het seker baie uitgesien na hulle troudag en getroude lewe. Dinge werk egter vir hulle anders uit. Die engel Gabriel verskyn aan Maria en sê vir haar dat sy swanger gaan raak met Jesus, die Messias wat hulle solank reeds verwag het. Sy sal deur die Heilige Gees swanger gemaak word.

Kan ons vir 'n oomblik in die sandale van hierdie jong meisie gaan staan. Sy is uitgekies om die moeder van Jesus te wees, maar wat gaan die mense sê. Meer nog, wat gaan haar verloofde sê (staan bietjie ook in Josef se sandale) ... hy weet dat hy nie by haar geslaap het nie. Josef ervaar God se stem binne hom en hy doen nie wat ander jongmans in sy situasie sou gedoen het nie. Hy bly by sy verloofde.

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

Josef en Maria was al twee afstammeling van die volksheld, koning Dawid. Die feit dat hulle twee Jesus se ouers gaan word is lank reeds in die Ou Testament voorspel: Jesaja 11: 1; Jeremia 33: 15; Esegïel 37: 24 en Hosea 3: 5. God wat in beheer is van die geskiedenis van mense, se plan kom tot uitvoering.

Die twee jong, swanger en moeë reisigers kom na 112 kilometer se stofpad in Betlehem aan. Daar is nie vir hulle rusplek nie. Hulle kry slegs plek in 'n stal en Jesus se eerste lêplek op aarde word 'n krip ~ die suipbak van diere.

Die paradoks/teenstelling van God. God kom in Jesus na hierdie aarde toe as 'n baba, nie in 'n paleis nie ~ maar in 'n stal, nie in 'n goue wieg nie ~ maar in 'n krip. Dit het my as gelowige weer opnuut laat besef om God te volg is nie 'n waarborg vir gemak, voorspoed, gerief ens. nie. Om God te volg beteken opoffering en dikwels ongemak en ongerief. God werk daar waar redding nodig is.

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

Ek lees verder in hierdie ongelooflike geboorte verhaal van Jesus, dat God die geboorte van Jesus eerste aan skaapwagter bekend gemaak het. Hulle bars uit in 'n Gloria (ere aan God). Wag, ons moet ook nou weer God sien werk: Wie kies hy om eerste te hoor dat die Messias gebore is? Skaapwagters!

Anders as in Koning Dawid se tyd het skaapwagters in die tyd van Jesus se geboorte nie 'n goeie naam gehad nie. Hulle was as oneerlik en onbetroubaar gesien. Die laagste van die laagste van die samelewing. Hulle kon niks besit nie, hulle kon nie skuld maak nie, hulle kon nie in 'n hof as betroubare getuie getuig nie.

God kies skaapwagters! Ek hoor vandag weer die hart van God vir die randfigure van die samelewing. God kies hulle wat deur mense verag word. Ek is nooit te sleg om deur God uitgekies te word nie. Sal ek ook soos hulle dan in 'n Gloria (ere aan God) kan uitbars.

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

Hulle stroom na Betlehem, na die stal en daar in die krip sien hulle Jesus in doeke toegedraai. Volgens gebruik in daardie tyd was babas in doeke styf toegedraai om hulle armpies en bene reguit te hou.

Die Jode het 'n Messias verwag wat hulle polities van die heidense Romeinse oorheersing sou bevry en ook van hulle gewone swaarkry van elke dag. MAAR Hy is gebore om ons van ons sonde te bevry. Hoor ons dit mooi?

Kersfees kom! Gee aan God die eer! Hy is die Verlosser van ons sonde. Kom Kersfees, kom laat ons dit vertel vir ons kinders, kleinkinders, familie, vriende ... laat ons dit vir die wêreld vertel en as dit nodig is ~ laat ons dit ook met woorde vertel.

Amen.

GELOOFSBELYDENIS: DIE EINDE VAN DIE LYDING:
Openbaring 21: 1-8, 2022.

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

Toe sien ek 'n splinternuwe hemel en 'n splinternuwe aarde. Die eerste hemel en die eerste aarde het opgehou om te bestaan. Daar was ook nie meer 'n see nie. Ek het ook die heilige stad gesien. Dit is die splinternuwe Jerusalem. God self het dit uit die hemel laat kom. Hierdie stad is deur Hom gereed gemaak soos 'n bruid wat baie mooi versier is vir haar man.

Ek het 'n harde stem van die troon af hoor sê: Kyk daar! Kyk na God se tabernakel! Sy woonplek is nou by die mense! Hy sal sy woonplek by hulle maak Hulle sal sy volk wees. God self sal by hulle almal wees. Hyself sal elke traan van hulle oë afdroog. Daar sal nie meer iets soos die dood wees nie. Ook sal daar nie meer droefheid, en 'n gehuil en pyn wees nie. Hierdie dinge was deel van mense se vorige bestaan. Nou is dit alles oor en verby.

λλλ

Let op: Ekself maak alles nuut. Hy het ook vir my gesê: Skryf dit neer. Hierdie woorde is betroubaar. Dit is die waarheid.

Hy het vir my gesê: Dit is oor en verby. Ek is die Alfa en Omega, die Eerste en die Laaste. Ekself sal vir elkeen

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

wat dors is water gee uit die fontein van die lewe. Ek sal dit verniet vir hulle gee.

Elkeen wat wen, sal al hierdie dinge as erfporsie ontvang. Ekself sal hulle God wees. Hulle sal my seuns en dogters wees. Maar die lafaards, en ongelowiges, en mense wat perverse dinge aanvang, en moordenaars, en seksuele korruptes, en heidense towenaars, en aanbidders van afgode, en almal wat lieg en bedrieg, se plek is gereed in die hel. Dit is die poel wat brand met vuur en swael. Dit is die tweede dood. Dit sal vir ewig aanhou.

GEBED:

SLOTSANG:

Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God in die hoogste heem'le ~ Gesang 364: 1-3.

SEËNGROET:

Jesus die Vredevors het sy dissipels so gegroet: Vrede vir julle. Amen.

Tekste: Psalm 8: 1-10, 1983; Filippense 4:9, 1983; Openbaring 21: 1-8, 2022.

Fokus teks: Lukas 2: 1-20, 1983.

Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 364: 1-3.

WEGSENDING:

Royal Choral Society: 'Hallelujah Chorus' from Handel's

Messiah >

<https://www.youtube.com/watch?v=IUZEtVbJT5c>